# ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS



Copyright ANGP

www.angp-hb.co.za

info@angp.co.za

*AFRIKAANS Heart Book*

# DIE MENS SE HART

Copyright ANGP

**COPYRIGHT**
ISBN 0-908412-05-3

E-MAIL: info@angp.co.za

**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**
**Posbus 2191, PRETORIA, 0001, R.S.A.**
('n Evangelie-Lektuursending gefinansier deur donasies)
(Reg. No. 1961/001798/08)

# DIE MENS SE HART

Hierdie boekie het in 1732 in Frankryk ontstaan, was hersien en oorgeskryf vir die sendingvelde van Afrika deur Eerw. J.R. Gschwend in 1929, en is sedertdien vertaal en onder kopiereg in meer as 250 inboorlingtale gedruk deur All Nations Gospel Publishers wat dit vandag in 127 sendinglande versprei. Mense van alle tale, klasse en godsdienste word deur hierdie boekie gelei om die diep geestelike waarheid en betekenis van God se boodskap aan die mens te ervaar, soos deur die profeet Esegiël 586 jaar voor Christus verkondig, "Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee ..... dan sal julle my volk wees, en Ek sal julle God wees!" Esegiël 36 : 26-28.

Copyright ANGP

# DIE MENS SE HART

Die tempel van God of die werkswinkel van die Satan
(1 Johannes 3 : 4-10)

Dis nie ’n nuwe boek hierdie nie. Oor die tweehonderd jaar gelede het dit vir die eerste keer in Frankryk verskyn, en sedertdien het dit groot seën aan duisende gebring. In die tyd het dit gedien as ’n geestelike spieël waarin mense hulle geestelike toestand kon sien soos God dit sien. Baie mense wat hulle sondige harte op die bladsye daarvan beskrywe gesien het, het berou daaroor gehad, hulle sondes bely en nuwe harte en ’n nuwe gees in hulle binneste ontvang.

Terwyl jy hierdie boekie lees, moet jy asseblief in gedagte hou dat dit ’n spieël is waarin jy jouself sal sien soos jy is. Of jy nou ’n heiden of ’n Christen is, ’n ongelowige of ’n afgedwaalde, jy sal ’n beeld van jouself sien, net soos God dit sien. God is geen aannemer van die persoon nie. Hy kyk na die harte van mense.

Copyright ANGP

Satan is die vader van alle leuens, die prins van die duisternis en die god van hierdie wêreld, Hy doen homself voor as ’n engel van die lig, maar is lank nie meer ’n heerlike wese nie, soos so baie mense dink hy is, en hom ook dikwels voorstel, en dan neem hulle ook nog aanstoot aan ’n prent waar hy in sy ware gedaante voorgestel word. “Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in ’n engel van die lig” (2 Kor. 11 : 13, 14). So lees ons dat Satan, die god van hierdie wêreld, die sinne van die ongelowiges verblind het, “sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Kor. 4 : 4). Alle sondaars en ongelowiges is dood en blind vir die liefde van God as gevolg van die werkinge van die gees wat “die kinders van die ongehoorsaamheid” beïnvloed (Ef. 2 : 2). En tensy hulle oë geopen word vir hulle verlore toestand, is

hulle eenvoudig op pad na die ewige verderf.

Wanneer jy hierdie boekie lees en die prente bestudeer, sal jy sien wat die toestand van jou eie hart is. Laat die soeklig van God op jou hart val en aan jou geestesoog blootlê wat daar te sien is. Erken jou sondes en moenie maak of hulle nie bestaan nie, want die Woord van God sê: “As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie”; en “die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde.” – (Lees 1 Joh. 1 : 1 - 10).

’n Mens word òf deur God òf deur Satan regeer; jy is ’n slaaf van die sonde of jy is ’n dienskneg van God. As die sonde dan in jou lewe heers, moet dit nie ontken nie. Roep God liewer aan en vra Hom wat gereed staan om jou te verlos in die Here Jesus wat na die aarde gekom het om sondaars te verlos, en die mag van Satan en sonde oor ons te vernietig, en Hy sal dit ook vir jou doen, Hy is ons verlossing. Jy is in die teenwoordigheid van ’n heilige God wat die geheime van die hart ken, die verborge gedagtes en dade van jou lewe. Dit is onmoontlik om hierdie dinge vir God te verberg. “Sou Hy wat die oor plant, nie hoor nie? of Hy wat die oog formeer, nie sien nie?” (Ps. 94 : 9).

Copyright AWGP

“Want die Here – sy oë swewe rond oor die hele aarde om Hom sterk te bewys by hulle wie se hart onverdeeld op Hom gerig is.” (2 Kron. 16 : 9).

“Want Sy oë is op die weë van die mens en Hy sien al sy voetstappe. Daar is geen duisternis en daar is geen diepe donkerheid waar die werkers van ongeregtigheid hulle in kan wegsteek nie” (Job 34 : 21, 22).

“Maar Jesus self het Hom aan hulle nie toevertrou nie, omdat Hy almal geken het” (Joh. 2 : 24).

Daarom “welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die Here die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees


geen bedrog is nie" (Psalm 32 : 1, 2). (Lees ook Psalm 51). Jesus gee ook vandag nog die uitnodiging: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart; en julle sal rus vind vir julle siele" (Matt. 11 : 28, 29).

## VERDUIDELIKING VAN DIE VOORSTELLINGS
### DIE EERSTE VOORSTELLING

Hierdie prentjie stel die hart voor van 'n wêreldse, nie wedergebore man of vrou wat in die Bybel beskrywe word as 'n sondaar, naamlik iemand wat oorheers word deur die gees van hierdie wêreld en deur die begeertes en hartstogte van die vlees. Dit is 'n getroue afbeelding van die hart soos God dit sien. Die waterige rooi oë praat van dronkenskap soos beskrywe in Spreuke 23 : 29 - 33: "By wie is 'ag!' by wie is 'wee my!' by wie is getwis? by wie is geklaag? by wie is wonde sonder oorsaak? by wie is dofheid van oë? By die wat láát opsit by die wyn, by die wat ingaan om gemengde drank te proe. Kyk nie na die wyn as dit rooiagtig lyk, as dit 'n glans gee in die beker, glad na binne gly nie: op die end byt dit soos 'n slang en spuug gif uit soos 'n basilisk. Jou oë sal vreemde dinge sien en jou hart verkeerde dinge spreek."

Copyright ANGP

Onderkant die kop in die prent kan die hart van 'n mens gesien word – bewoon deur verskillende soorte diere wat sinnebeelde is van die baie en verskillende sondes in die menslike hart, want die hart is die woonplek en die setel van ons sondes. God sê vir ons deur Sy profeet Jeremia: "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja verdorwe is dit; wie kan dit ken?" (Jer. 17 : 9). Die Here Jesus bevestig self hierdie woorde deur te sê: "Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein" (Markus 7 : 21 - 23).



**1. DIE SONDAAR SE HART**

**1. Die Pou –** Hoewel die skoonheid van die pou deur almal bewonder word, praat dit hier in die mens se hart van die sonde van hoogmoed. Lucifer (Môrester), gesalfde engel, eens ’n ligdraer van God “seun van die daeraad,” het deur hoogmoed tot ’n val gekom en so die vyand van God geword – die Duiwel (Jes. 14 : 9 - 17; Eseg. 28 : 12 - 17).

Hoogmoed kom uit die dieptes van die hel en word in verskillende vorms aangetref. Sommige mense is trots op hulle rykdom; hulle geleerdheid; modieuse kleredrag waardeur hulle hulle liggame op ’n skaamtelose wyse blootstel; versiersels soos armbande, oorversiersels, ringe en wat dies meer sy – so paslik beskrywe in Jesaja 3 : 17 - 24. Sommige mense is trots op hulle voorouers, hulle nasieskap, kultuur, sport, ens., en hulle vergeet die woorde; “want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade (1 Pet. 5 : 5). Hoogmoed en trotsheid is iets wat verafsku en gehaat moet word (Spreuke 8 : 13). “Trotsheid kom voor die verbreking, en hoogmoed kom voor die val” (Spreuke 16 : 18).

Copyright ANGP

**2. Die Bokram –** ’n stinkende onkuise dier – stel hier voor vleeslike wellus, onsedelikheid, owerspel, hoerery. Hierdie sondes het in die afgelope jare so toegeneem dat ons verplig is om die waarheid van die woorde van Christus te erken wat Hy byna 2,000 jaar gelede uitgespreek het naamlik dat die laaste dae sal wees soos die dae van Sodom en Gomorra. Nie alleen het hierdie gees besit geneem van manne en vroue en deurgedring tot die huise en inrigtings van godsdienstige mense, ons skole en koshuise nie, maar die verderflike saad daarvan word openlik gesaai in die mense se harte deur middel van bioskope, teaters, verderflike leesstof en op soveel ander maniere, dat wat God sonde noem, deur die mens beskou word as die moderne sedelikheid. Miljoene jongmense vorm hulle begrip van die ideale lewe in die bioskoop en moderne romans, net om hulself te beland in eindelose moeilikheid, skande en berou. Onsedelike en bandelose akteurs en aktrises word die helde en heldinne van die opkomende geslag. Danssale is ook

maar alte dikwels die broeiplekke van onsedelikheid. Gods helde van reinheid, soos Josef (Genesis 39) en ander, word nie meer vandag as navolgenswaardige beskou nie. Selfs die rou ou Zoeloeheiden wat 'n owerspeelster met die dood laat straf, kan vir ons sogenaamde beskaafde geslag 'n les of twee leer en in veroordeling teen ons opstaan in die oordeelsdag. Die Here leer ons om nie te speel met hoerery nie, maar ons daarvandaan weg te vlug. "Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam. Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?" (1 Kor. 6 : 18, 19). "As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle" (1 Kor. 3 : 17).

**3. Die Vark –** Die vark praat van die sonde van dronkenskap en vraatsugtigheid. Dit is 'n vuil dier wat alles verslind wat voorkom, rein of onrein, en op dieselfde manier absorbeer 'n onrein hart onrein suggesties, onrein uitdrukkings, onrein prente, onrein leesstof en wat nie al nie. Die liggaam wat voorbestem is om die tempel van die lewende God te wees, word verontreinig deur onrein kos en onrein gewoontes soos rook en pruim, of die gebruik van opium en ander skadelike en onverhandelbare verdowingsmiddels. Die gewoonte om te rook en selfs van dagga gebruik te maak het besit geneem van beide mans en vroue soos nog nooit tevore nie. Net die mag van God kan hierdie arme slagoffers van die tabak en slawe van die duiwel vry maak. Hoewel die meeste godsdienstig-gesinde mense nooit sal droom om in 'n kerkgebou te staan en rook nie, omdat hulle dink dit is heiligskennis, het hulle nogtans geen besware daarteen om hulle eie liggame, wat die tempels van God is, deur hierdie stinkende onkruid te verontreinig nie. "Weet julle nie," vra die apostel Paulus, "dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?" (1 Kor. 3 : 16, 17; 6 : 18, 19).

'n Vraatsugtige mens is 'n gruwel in die oë van die Here. Ons eet omdat ons moet lewe; ons lewe nie om te eet nie.

Copyright ANGP

Honger kan versadig word deur gesonde kos, maar wellus sal altyd skreeu: “Gee! Gee!”

Wellus word nooit bevredig nie, sal nooit versadig word nie. Volgens die Ou Testamentiese wette moes ’n vraat (of deurbringer) en ’n dronkaard gestenig word (Deut. 21 : 18 - 21) “Want ’n drinker en ’n deurbringer sal arm word, en slaperigheid laat stukkende klere dra.” “Hy wat met deurbringers omgaan, steek sy vader in die skande (Spreuke 23 : 21; 28 : 7). Onthou dat ’n sekere ryk man, ’n gulsigaard en ’n slaaf van die wellus te sterwe gekom en sy oë in ’n hel van onbeskryflike foltering oopgemaak het. Verder hoef die euwel van dronkenskap skaars genoem te word. Dit is te goed bekend om ligtelik daaroor te praat. Die Here sê vir ons baie duidelik in Sy Woord dat geen dronkaard die koninkryk van God sal beërwe nie. Die mense wat sterk drank vervaardig en verkoop is net so skuldig voor God, want God sê: “Wee hulle wat helde is om wyn te drink en wakker manne om sterke drank te meng” (Jes. 5 : 22). “Wee hom wat sy naaste te drinke gee, wat sy woede daarmee meng, en hulle ook dronk maak om hulle naaktheid te aanskou” (Hab. 2 : 15). “En daar is siter en harp, tamboeryn en fluit en wyn by hulle maaltyd; maar op die dade van die Here gee hulle geen ag nie en die werk van sy hande sien hulle nie (Jes. 5 : 12). “Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaarde of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.” (1 Kor. 6 : 10).

Copyright ANGP

Die sondes van ons aardse natuur is onmiskenbaar. Hier is sommige van hulle: “owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie” (Gal. 5 : 19 - 21). “Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul” (Ef. 5 : 18).

Die Here Jesus gee die volgende uitnodiging aan die dorstiges: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê, strome van lewende water sal uit sy binneste vloei" (Joh. 7 : 37, 38). "O, almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk" (Jes. 55 : 1). "Maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe" (Joh. 4 : 14).

**4. Die skilpad** is 'n teken van traagheid, uitstel en toordery. Ongeloof is soos die sonde van toordery. "Die begeerte van die luiaard sal hom doodmaak, want sy hande weier om te werk; die hele dag deur word daar dringend begeer, maar die regverdige gee en hou nie terug nie" (Spreuke 21 : 25, 26). Josua moes vir die kinders van Israel sê: "Wees nie traag om te trek, in te gaan, die land in besit te neem nie." Die menslike natuur is baie lui en traag om die dinge van God te bekom. Die Here Jesus het gesê: "**Stry hard** om in te gaan deur die nou poort" (Lukas 13 : 24). "Hy wat soek, sal vind." "Die koninkryk van die hemele word bestorm, en bestormers gryp dit met geweld" – (Matt. 11 : 12).

Copyright ANGP

Traagheid in verband met die verlossing en geestelike heil van ons siele lei na die verderf: Dit hou ons weg van gebed, van die diepere waarhede van God te ondersoek en van besit te neem van die rykste beloftes van God. Wanneer God met jou gepraat het en Hy by jou gepleit het om jou hart **vandag** aan hom Hom te gee, dan sê die duiwel vir jou: "Môre is nog 'n dag." Jy stel dit uit tot daar 'n meer geskikte dag kom – en daardie dag kom miskien nooit; jy sterf in jou sonde sonder dat jy God 'n kans gegee het om jou siel te red deur Jesus Christus. God se Woord sê: "Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie" (Heb. 3 : 7, 8). Hoeveel mense sterf nie in hulle sondes nie, net omdat hulle die dag van beslissing en verlossing uitgestel het vir 'n meer geleë tyd wat nooit aangebreek het nie? Die dag van môre behoort nie aan ons nie.

Die dop van die skilpad word dikwels deur die inboorlinge in Suid-Afrika gebruik in verband met hulle toorkunste, en die dop van die skilpad in hierdie prent stel dan voor die wanpraktyke van toordery, fortuinvertellery en goëlery, in plaas van om God te vertrou. Veral in tye van beproewing en siekte, teenspoed en verlies word ons vermaan om die lewende God aan te roep om hulp in plaas van om te vertrou op geluk. “Deur die Here word die gange van ’n man bevestig, en Hy het ’n welbehae in sy weg” (Ps. 37 : 23). “Want nie van die opgang of van die ondergang, ook nie van die woestyn van die berghoogtes nie ... maar God is regter ... ” (Ps. 75 : 7, 8). God het die kinders van Israel as volg beveel: “Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan nie – wat met waarsêery, goelery of met verklaring van voortekens of towery omgaan, of wat met besweringe omgaan, of wat ’n gees van ’n afgestorwene vra (soos spiritisme) of ’n gees wat waarsê (of ’n fortuinverteller), of wat die dooies raadpleeg (spiritisme) nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die Here ’n gruwel” (Deut. 18 : 10 - 12). “Maar buite (dit is buitekant die hemel) is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen” (Openb. 22 : 15). “Begeef julle nie na die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is die Here julle God” (Lev. 19 : 31). “En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel – moet ’n volk nie sy God raadpleeg nie? Moet vir die lewende die dode gevra word? Na die wet en na die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woorde nie, is hulle ’n volk wat geen dageraad het nie!” (Jes. 8 : 19, 20).

Copyright AMGP

Terwyl jy hierdie boekie lees, is God besig om met jou te praat, en by jou aan te dring om jou te bekeer van jou sondes en jou lewe aan Hom te gee, maar die gees van die skilpad wat in jou hart is, gee allerhande dinge aan die hand sodat jy tog net nie moet besluit om jou lewe aan God te wy nie, en vul jou hart met vrees vir die lewe

wat sal volg op jou besluit. “Wat sal my mense sê, my vriende, die wêreld, as ek ’n Christen word? Wat sal van my word as ek nie meer kan deelneem aan danse en ander wêreldse vermaaklikhede nie?” In plaas van die onnaspeurlike rykdomme in Christus Jesus, Sy wonderlike vrede, die ewige lewe wat so vol vreugde is, raak te sien, is jy besig om al die dinge te sien wat jy “moet opgee” of verloor, terwyl vrees vir mense sowel as vrees vir die dood jou vashou in die bande van die duiwel. Want die Here Jesus het gekom om almal te bevry “wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was” (Heb. 2 : 14, 15), en in die tussentyd is die gees van uitstel besig om jou hart te verhard, totdat dit naderhand net so hard is soos die skilpad se dop.

**5. Die Luiperd** is ’n baie kwaadaardige en wrede dier. Haat, boosheid en ’n slegte humeur regeer dikwels ’n man se hart en lei selfs soms tot moord. Jy kan probeer, en dit selfs soms regkry, om daardie slegte humeur van jou te beheer, maar op ’n onverwagte oomblik breek dit met ’n onbeteulde woede los. Dit is beter om te erken dat jy so ’n slegte humeur het, en die Here Jesus te vra om jou daarvan te verlos. “Laat daar geen ontstemming by julle wees nie” (Gen. 45 : 5). “Laat staan die toorn en verlaat die grimmigheid; wees nie toornig nie; dit is net om kwaad te doen” (Psalm 37 : 8). “Woede is wreed, en toorn kook oor; maar wie kan voor jaloersheid standhou?” (Spreuke 27 : 4). “Wees nie haastig in jou gees om jou te vererg nie, want ergernis rus in die boesem van die dwase” (Prediker 7 : 9). “Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond” (Kol. 3 : 8).

Copyright ANGP

Baie mense probeer om hulle woede te verlig in drank of wraak, maar “hulle wyn is slanggif en wrede addergif” (Deut. 32 : 33). Wraak smaak soet in die hart van die wraaknemer, maar God is ons wreker. Die Here het gesê ons moet ons naaste liefhê soos onsself, en dat ons ons vyande moet liefhê. Die Here het belowe om ons sondes te vergewe as ons die mense vergewe wat teen ons misdryf het. ’n

Nukkerige, pruttelrige gees is net so afstootlik in die oë van God. Die boosaardige lus na bloedvergieting en oorlog is in die hart van die mens, en daarom moet ’n ware vrede ook eers in die mens se hart kom voordat dit blywend sal genees.

**6. Die Slang** het vir Eva in die Hof van Eden bedrieg en daardeur die mooiste verhouding en harmonie tussen God en ’n mens vernietig. Satan, die gevalle engel, word vervul met jaloesie teenoor Adam en Eva, toe hy gesien het hulle word regeerders van die aarde wat in volmaakte harmonie met God lewe, en op hierdie wyse sy (Lucifer se) plek inneem. Uit blote jaloesie en afguns het hy hulle ondergang beplan, en dit het hom geluk om hulle lewe van onverstoorde gemeenskap met God te vernietig. Hierdie selfde duiwelse jaloesie in die harte van mense soek die vernietiging van die blydskap en vreugde wat hulle in ander harte sien. “Die liefdesywer (jaloesie) is hard soos die doderyk” (Hooglied 8 : 6). Om die geluk van ander mense te vernietig saai bose gedagtes in die hart, en dit lei maar alte dikwels na moord. Dit is veral die geval by sommige getroudes. Selfs in besigheid en op ander gebiede van die lewe het dit al onbeskryflike haat en ellende veroorsaak. Selfs Christen-werkers en predikante is nie vry van hierdie aanvalle nie, en dit sal goed wees as hulle gedurig op hulle hoede is in hierdie verband om altyd gevul te wees “met die liefde van God wat in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees”, sodat hulle nuttigheid en hulle diens in die Naam van die Here nie bederf word deur die duiwelse gees van jaloesie, wanneer hulle sien dat ander diensknegte van God meer deur Hom gebruik word as hulle nie.

**7. Die Padda** lewe van grond en praat hier van die sondes van gulsigheid, liefde vir geld wat die wortel van alle kwaad is. (1 Tim. 6 : 10). Sekere soorte paddas in die Kongo is bekend daarvoor dat hulle miere by die honderde eet, totdat hulle uitmekaar bars. ’n Gulsige persoon is nie gewillig om sy hand oop te maak vir die armes en nooddriftiges nie, maar probeer op alle moontlike maniere, eerlik en oneerlik,

Copyright ANGP

om die skatte van hierdie aarde bymekaar te maak, wat op die ou end tog maar deur die mot en die roes verteer sal word. Die Here Jesus het self gesê: “Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek of steel nie; Maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek of steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees (Matt. 6 : 19-22). Agan en sy hele huis is uitgeroei as gevolg van sy liefde vir goud en silwer en kosbare gesteentes en klere (Josua 7). Judas Iskariot, die dissipel van die Here Jesus, het homself gaan ophang omdat liefde vir geld hom gedryf het om sy Heer en Meester te verraai. Dit is nie die geld of die goud wat ’n euwel is nie, maar die liefde vir geld wat in die mens se hart skuil.

Copyright ANGP

Duisend manne en vroue uit alle klasse en nasies is besig om hulle eie lewens en die van hulle familie te ruïneer as gevolg van hulle bose begeerte om gou en baie ryk te word deur middel van dobbel en groot somme geld te wed op honde– en perde– wedrenne. Die begeerte om sonder baie moeite ryk te word, lei na diefstal en moord sowel as selfmoord. Die liefde vir geld en inhaligheid het baie maats waarvan liefde vir roem en liefde vir mag die vernaamste is; dit mag wees om oor ander te regeer, geldelike mag om ander mee te onderdruk, godsdienstige mag wat jou geesdriftiger maak vir die naam van een of ander kerklike organisasie as vir die Naam van God, of wat énige gelowige veroordeel wat dit waag om Christus op enige ander manier te volg as sy eie (Markus 9 : 38). Die Here Jesus sê: “Pasop en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie” (Luk. 12 : 15). So lui die verhaal van ’n sekere ryk man wat baie besittings gehad het: “ ’n Ryk man se grond het goed gedra. En hy het by homself geredeneer en gesê: Wat sal ek doen? – want ek het geen plek waar ek my oes kan insamel nie. Toe sê hy: Dit sal ek doen – ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel. En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit

is vir baie jare; neem rus, eet, drink en wees vrolik. Maar God het vir hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'n sal dit wees? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie" (Lukas 12 : 16-21). "Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?" (Markus 8 : 36). "Moenie julle kwel oor jul lewe – wat julle sal eet, of oor jul liggaam – wat julle sal aantrek nie ... Maar soek die koninkryk van God, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word ... Want waar julle skat is, daar sal julle hart wees" (Luk. 12 : 22-34).

**8. Satan,** die vader van alle leuenaars, is hier die opstoker van die verskillende sondes, want hy regeer die hart. Jesus sê: "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan" (Joh. 8 : 44). 'n Wit leuen is net so sleg soos 'n swarte. Daar is leuens wat uitgespreek, geskrywe of gedoen word. 'n Huigelaar is 'n leuenaar want in werklikheid doen hy hom voor as iets wat hy nie is nie. God kan nie lieg nie – en 'n Christen kan ook nie (Titus 1 : 2). "As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen die waarheid nie". (1 Joh. 1 : 6). "Maar buite is die honde en towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen" (Open. 22 : 15). God haat 'n valse getuie en 'n leuenaar (Spr. 6 : 19).

Copyright ANGP

**9. Die Ster** praat van die gewete in die hart van elke mens. Hier is dit swart, onrein en boos, moontlik dood deur gedurige en moedswillige sonde; verblind en verwronge sodat dit nie langer 'n oordeel oor eie doen en late kan vel nie. Hierdie bose gewete is soms stil en soms gesteur. Dit val aan wanneer dit moet oorsien, en dit sien oor wanneer dit moet veroordeel. "Dit is moontlik dat dit toegeskroei is soos deur 'n warm yster en dat dit reeds alle gevoel en oordeel

verloor het, omdat die mens afvallig geword het van die geloof en verleidende geeste en die leringe van duiwels aangehang het, deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete". (1 Tim. 4 : 1-2; Heb. 10 : 22).

**10. Die Oog** van God sien alles wat in die hart omgaan. Niks is verborge voor Sy vlammende oog nie, en daarom ken Hy selfs die geheime gedagtes en bedoelinge van die hart. (Die oog in hierdie prente, stem ook ooreen met die uitdrukking op die man se gesig).

**11. Die Klein Tongetjies van Vuur** om die hart stel die liefde van God voor wat die sondige hart omring. Al haat God die sonde, het Hy die mens lief, en het Hy geen behae in die dood van 'n sondaar nie, maar verlang eerder dat die sondaar met berou na Hom moet kom en lewe. Die Here Jesus het gekom om sondaars salig te maak. Groot is die vreugde in die hemel oor een sondaar wat tot bekering gekom het. Die tongetjies praat ook van die bloed van Jesus Christus, "die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem".

**12. Die Engel** stel voor die Woord van God. Die Here wil praat met die misleide, sondebelaaide man of vrou, sodat hy of sy berou oor sonde mag hê en die lig en die liefde van God in die hart en lewe kan inlaat.

**13. Die Duif** is 'n teken van die Heilige Gees, die Gees van waarheid wat oortuig van sonde en geregtigheid en oordeel. Die Heilige Gees is hier buitekant die mens se hart. Die Heilige Gees kan nie woon waar sonde regeer nie.

Indien die prent van hierdie hart ooreenstem met die toestand van jou hart, roep dan die Here aan, maak jou hart oop vir Hom, en laat die lig van Sy Woord jou hart bestraal. "Glo in die Here Jesus Christus, en jy sal gered word." God is gewillig, ja, Hy het belowe om jou hart te verander, om jou 'n nuwe hart en 'n nuwe gees in jou binneste te gee. Dit

Copyright ANGP

word gewys in die tweede prent.


## DIE TWEEDE VOORSTELLING

Hierdie prent wys 'n berouvolle hart wat begin soek na God. Die engel hou die swaard vas, die Woord van God, want dit is "Lewendig en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart" (Heb. 4 : 12). Die Wood van God herinner hom dat "die loon van die sonde die dood is" en dat die mense "bestemd is om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel" (Heb. 9 : 27). Die deel van die sondaar en die ongelowige sal wees "die poel wat brand met vuur en swawel" (Openb. 21 : 8).

In die ander hand hou die engel 'n kopbeen. Dit is om die sondaar daaraan te herinner dat ons almal moet sterwe. Ons liggame waarvan ons so baie dink, wat ons klee, voed en verfraai, al ons aandag en sorg aan bestee om die luste en verlangens daarvan te bevredig, moet sterwe en tot niet gaan, verteer deur die wurms, maar ons siel en ons gees leef vir ewig en moet eendag voor die regterstoel van God verskyn.

Copyright ANGP

Hier sien ons hoe die sondaar begin ag gee op die boodskap van God en sy hart oopstel vir die liefde van God. Die Heilige Gees begin skyn in die donker en sondige hart. Die lig van God bestraal Sy tempel en verdryf die duisternis. Wanneer die lig van God inkom, moet die duisternis verdwyn. Sonde wat verteenwoordig word deur al die verskillende diere, moet vlug. Daarom, liewe leser, moet jy die Here Jesus, die Lig van die wêreld, toelaat om in jou hart te kom, en duisternis en die werke van duisternis moet die hart verlaat soos in hierdie prent voorgestel word. Die Here Jesus sê: "Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê" (Joh. 8 : 12). Jy sal dit nooit regkry om die duisternis in jou hart deur jou eie pogings, jou eie wysheid of die wysheid




**2. DIE VEROORDEELDE EN TOEGEWENDE HART**


van mense verban te kry nie. Die eenvoudigste, sekerste en gouste, mees doeltreffende en enigste weg is om die lig in te laat. Dan sal die duisternis, wat sonde is, verdwyn. Die maan en die sterre mag ons 'n mate van hulp verleen op 'n donker pad, maar wanneer die son opkom, verdwyn die duisternis sowel as die geringer hemelligte. Jesus is die Son van geregtigheid. Toe Hy die tempel in Jerusalem binne gegaan het, het Hy almal uitgejaag wat osse en skape en duiwe verkoop het, en die tafels van die geldwisselaars omgekeer en gesê: "Daar is geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak" (Matt. 21 : 13). Jou hart is voorbestem om die huis van God, die tempel van God te wees. Hy wil daarin woon, dit verfraai, dit vul met lig, liefde en vreugde. Die Here Jesus het nie net gekom om ons sondes te vergewe nie, Hy het gekom om ons te verlos en ons vry te maak van die mag en oorheersing van die sonde. "As die Seun julle vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees" (Joh. 8 : 36).

## DIE DERDE VOORSTELLING

Hierdie prent is 'n voorstelling van die hart-toestand van 'n berouvolle sondaar. Hy sien nou die grootheid en afskuwelikheid van al sy sondes waarvoor die Here Jesus aan die kruis gesterf het. Terwyl hy die kruis sien wat die engel, die Woord van God, aan hom voorhou, breek dit sy nou berouvolle hart. Hy sien die groot liefde van God soos geopenbaar in Christus Jesus, en hierdie liefde versmelt sy hart, veral wanneer hy begin besef dat Jesus Christus, die Seun van God, gekom het om sy menigvuldige sondes weg te neem waar Hy gewillig was om in sy plek aan die vervloekte kruis te sterwe.

Die feit dat Jesus met gésels geslaan en met dorings gekroon is, en wrede spykers deur Sy hande en voete gekry het, en aan die kruis gesterf het vir ons sondes, word oortuigend en duidelik tuisgebring by die berouvolle sondaar, en bring 'n hele ommekeer in sy hart en lewe. Soos hy die Woord van God algaande bestudeer, waarin hy homself

Copyright ANGP




**3. DIE BEROUVOLLE HART**

kan sien soos in 'n spieël, besef hy meer en meer hoe ver hy weggedrywe het van God en hoe hy die wette van God oor-tree het. Diepgevoelde, goddelike droefheid en berou neem besit van hom, en terwyl hy sy hart voor God uitstort met trane en ontroering, nader die Here Jesus tot hom. Die liefde en vrede van God kom in sy hart in, onder die besef dat "die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig van alle sonde" (1 Joh. 1 : 7). "Die Here is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees" (Psalm 34 : 19). En weer sê die Woord van God: "Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woord" (Jes. 66 : 2). Die Heilige Gees fluister die woorde van Jesus in sy oor, "Seun (dogter), hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe (Matt. 9 : 2). Terwyl hy nog kyk na die kruis en dink aan die bloed van die Here Jesus wat daar gestort is, en in die geloof aanneem dat dit alles ter wille van hom gedoen is, begin hy besef dat die las van sy sonde weggeneem is, omdat Jesus ons smart en ons droefheid gedra het; "Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel"; "Hy het ons krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra" (Jes. 53).

Copyright ANGP

Die lig van die Heilige Gees vul nou sy eens duistere en sondige hart, nou gereinig en wit gewas deur die bloed van Jesus (Jes. 1 : 18). Die Heilige Gees getuig met sy gees dat hy vergewe is en deur genade 'n kind van God geword het. (Rom. 8 : 16). Hy is nou seker dat dié wat in die Here Jesus glo, nooit verlore sal gaan nie (lees 1 Kor. 6 : 10,11). Want in die Here Jesus "Het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade" (Ef. 1 : 7). Die sondige luste van die vlees het nou plek gemaak vir 'n diepe en ernstige begeerte om vir God te lewe en Hom te dien "wat ons eerste liefgehad het". In plaas van liefde vir die wêreld en die dinge van die wêreld, is daar nou liefde tot God en die dinge van God in sy hart.

In hierdie voorstelling vind ons dus die diere wat die sonde in sy hart voorstel, nou buitekant sy hart, hoewel Satan traag

is om sy vorige woonplek te verlaat, en loop en omkyk in die hoop dat hy weer later sal kan terugkeer. Dit is waarom die Here Jesus gewaarsku het om te waak en bid, om die duiwel te weerstaan sodat hy kan wegvlug van ons.


## DIE VIERDE VOORSTELLING

Hierdie prent praat van 'n Christen wat volmaakte vrede en verlossing ken deur die dood van onse Here Jesus Christus, en wat gevolglik in niks anders roem nie "behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld" (Gal. 6 : 14). Die Here Jesus het aan die kruis gesterf "sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe" (1 Pet. 2 : 24). 'n Christen vir die wêreld gekruisig. Ons word vermaan om te "wandel deur die Gees" want dan sal ons "nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie" (Gal. 5 : 16,25).

Copyright ANGP

In hierdie prent is daar 'n voorstelling van die pilaar waaraan die Here Jesus vasgebind was nadat hulle Sy kledingstukke van Hom afgeneem het. Die swepe is sigbaar, asook die waarmee hulle Hom so wreed gegésel het, "want die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom." "Ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel." Herodes en sy mense het Hom bespot, en nadat hulle Hom gegésel het, vir Hom 'n purper kleed aangetrek, en nadat hulle 'n kroon van dorings gevleg het, dit op Sy hoof gedruk, in plaas van Hom te kroon met 'n goue kroon. Hulle het 'n rietstok in Sy regterhand geplaas in die plek van 'n koninklike septer, en hulle het voor Hom gebuig en spottend uitgeroep: "Wees gegroet, Koning van die Jode!" Hulle het op Hom gespuug en die rietstok uit Sy hand gegryp en Hom daarmee geslaan. En nadat hulle Hom op so 'n skandelike wyse gespot het, het hulle Hom weggelei om gekruisig te word.

Daar is baie sogenaamde Christene wat in kerke bid en deelneem aan die nagmaal van die Here, en liedere sing tot lof van God, en tog is hulle gedurig besig om die Here Jesus deur hulle dade opnuut te kruisig. "Nie elkeen wat




**4. MET CHRISTUS GEKRUISIG**

vir my sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is" (lees Matt. 7 : 21-27).

In die prent sien ons ook die geldsak van Judas wat die Here Jesus verraai en verkoop het vir dertig stukke silwer omdat die liefde vir geld sy hart gevange geneem en sy oë verblind het. Die lanterns, kettings en so meer is deur die soldate gebruik toe hulle die Here Jesus gevange geneem het. Die dobbelstene is deur die soldate gebruik toe hulle die lot gewerp het oor Sy kledingstuk sodat die woorde van die profesie letterlik vervul is, "Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad" (Psalm 22 : 19). Hulle het alles van die Here Jesus geneem, maar Hom het hulle verwerp en gesê: "Ons will nie hê dat hierdie man oor ons koning moet wees nie." Die mens is oor die algemeen gretig om al die seëninge van God te ontvang, al die reën en al die sonskyn, maar hulle wil hulleself nie onderwerp aan die heerskappy van God nie. Vir baie is God maar net goed genoeg om na te hardloop in tye van moeilikheid en bekommernis.

Copyright ANCP

Die soldate het 'n spies in sy sy gesteek en daar het bloed en water uitgekom (Joh. 19 : 33-37). Voordat die haan gekraai het, het Petrus die Here Jesus driemaal verloën voor 'n jong diensmeisie, maar later het hy bittere berou daaroor gehad. Is jy besig om die Here Jesus deur woord en daad te bely, of is jy skaam om voor mense te sê wat die Here Jesus vir jou beteken? Hy het gesê: "Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is." (Matt. 10 : 32,33).

Die Here Jesus het ook gesê: "Wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie werd nie" (Matt. 10 : 38). Salig is hulle wat staan op die Rots, Jesus Christus!

"Ewig' Rots, geklief vir my,
Laat my skuiling in U kry,


Laat die water en die bloed
Uit U sy, die lewensvloed,
Oor my vloei om my te red,
My te reinig en te ontsmet."

**DIE VYFDE VOORSTELLING**

Hierdie prent stel voor die gereinigde en geheiligde hart van die sondaar wat deur die oorvloedige genade van God gered is. Dit het nou 'n ware tempel van God geword – die woonplek van God die Vader, Seun en Heilige Gees, volgens die belofte van die Here Jesus Christus: "As iemand my liefhet, sal hy My woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom kom en by hom woning maak" (Joh. 14 : 23). God eer en seën en verhef die mens deur Jesus Christus (Lukas 1 : 52).

Die hart het nou 'n ware tempel van God geword. Sonde is uitgedrywe. In plaas van die verskillende diere wat regeer word deur Satan, die vader van leuens, sien ons die Heilige Gees, die Gees van Waarheid wat in die hart woon. Die hart wat eers die verfoeilike setel van die vlees was, het nou 'n mooi en vrugbare tuin of boom geword wat die vrugte van die Gees voortbring, soos liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing, matigheid en ander wat welbehaaglik is in die oë van God en die mens. Hy het nou 'n vrugbare loot geword van die Ware Wynstok – onse Here Jesus Christus. Die geheim van hierdie vrugbaarheid is dat hy in Christus bly en dat Christus en Sy woorde in hom bly (Joh. 15 : 1-10). Vandat hy gevul en gedoop is met die Heilige Gees, het hy krag om die vlees en die luste daarvan so te oorwin en om die ou mens te kruisig. Deur die krag van die Heilige Gees word hy in staat gestel om in die Gees te wandel en nie na die vlees nie. Hy leef nie meer volgens wat hy sien, hoor en voel nie, maar deur geloof – want geloof in Christus Jesus is die oorwinning wat die wêreld oorwin het (1 Joh. 5 : 4). Hy leef nou deur 'n vaste en lewende hoop, en word versterk deur die heerlike verwagting

Copyright ANGP




**5. DIE TEMPEL VAN GOD**

van die spoedige wederkoms van onse Here Jesus Christus. Hy leef in en deur die liefde van God wat vir altyd bly.

"Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien" (Matt. 5 : 8). Koning Dawid het ten spyte van al sy rykdom en sy oorwinnings oor uiterlike vyande, die bitterste stryd in sy eie hart sien woed, en met 'n besef van sy diepe, innerlike behoefte het hy gebid: "Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees" (Psalm 51 : 12). Niemand kan sy eie hart reinig nie, of vir homself 'n rein hart skep nie; hy moet na God kom, soos Dawid, en met ware berou vra dat God vir hom 'n nuwe hart moet skep.

God is begerig om ook in jou lewe 'n nuwe ding te doen. Om die verflenterde klere van jou eie geregtigheid te probeer lap met leë beloftes en voornemens sal jou hart nooit 'n geskikte woonplek maak vir God, wat maar alte gewillig is om jou te help nie. Want dit is Hy wat belowe het: "Dan sal Ek skoon water op julle sprinkel, sodat julle rein kan word; van al julle onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig en Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen" (Eseg. 36 : 25-27). Dit is die betekenis van die Nuwe Verbond wat God verseël het deur die bloed van Sy Seun, Jesus Christus.

In hierdie voorstelling sien ons ook hoe die engel weer verskyn. Engele is aangestel om diens te doen vir hulle wat die ewige lewe sal beërwe, en om 'n laer van beskerming te vorm rondom diegene wat die Here vrees (Psalm 34 : 8; 91 : 11, 12; Dan 6 : 23; Matt. 2 : 13; 18 : 10; Hand. 5 : 19; 12 : 7-10).

Die duiwel is ook aanwesig. Hy staan naby die hart, asof hy die kans afwag om weer van sy vorige woonplek besit te neem. Daarom word ons vermaan om te waak en te bid, want ons teenstander, "die duiwel, loop rond soos 'n brullende

Copyright ANGP


leeu en soek wie hy kan verslind" (1 Pet. 5 : 8). Heel dikwels is hy vermom soos 'n engel van die lig wat die onwaaksame kind van God bekoor met die begeerlikhede van die wêreld, en deur sy listigheid selfs die uitverkorenes bedrieg as hy dit kan regkry. As ons egter die duiwel weerstaan, sal hy van ons vlug (Jakobus 4 : 7).

## DIE SESDE VOORSTELLING

Hier het ons 'n voorstelling van 'n hart wat besig is om toe te gee aan die versoeking. Die een oog begin toegaan, 'n teken dat hierdie Christen begin verkoel het in sy geestelike lewe en dat hy nie meer waaksaam is nie. Met die ander oog kyk hy skaamteloos rond asof hy op die wêreld verlief is. Binnekant sy hart het die lig dof geword en die tekens in sy hart wat sy gewilligheid getoon het om saam met Christus te ly, het verminder en is nie meer opreg nie. Hy is omring van versoekings waaraan hy stadigaan toegee in plaas van om hulle te weerstaan. In plaas van na die stem van God te luister, begin hy nou luister na die listige influisteringe en leë beloftes van die sieleversoeker. Hoewel hy nog 'n kerkganger is wat sy wêreldgesindheid onder 'n dekmantel van godsdiens versteek, het die liefde van God in sy hart verkoel. Hy het 'n dubbelhartige man geword, onbestendig in sy weë. Hy begin flankeer met die wêreld, terwyl hy voorgee dat hy God nog liefhet. Die ster in sy hart, sy gewete, word dof. Die kruis word nie langer met 'n glimlag gedra nie, maar het 'n onwelkome en moeisame las geword. Sy geloof begin wankel, hy hou nie langer gemeenskap met God in gebed nie, word onverskillig en agterlosig omtrent die toestand van sy hart, en langsamerhand maak hy plek in sy hart vir die versoeker. Hy geniet die geselskap van wêreldlinge meer as gemeenskap met ware gelowiges.

Die gees van die pou wat hoogmoed voorstel, begin ingang soek. Hy begin vergeet dat hy alleen deur genade gered is, en hy word 'n hoogmoedige Christen. Dronkenskap klop aan die deur en soek 'n ingang wanneer hy in die geselskap van wêreldse kennisse verkeer by een of ander geleentheid

Copyright ANGP




**6. DIE BEPROEFDE EN VERDEELDE HART**

wanneer hy skaam is om as ’n swakkeling bestempel en van ongeselligheid beskuldig te word, terwyl die duiwel vir hom wys maak dat hierdie een ou slaggie tog nie sy geestelike lewe sal laat skade ly nie. Vleeslike begeertes en gedagtes tree op die voorgrond. Hy begin weer onsedelike en dubbelsinnige grappe geniet, om weer en weer terug te kyk na een of ander suggestiewe prent, om ongewenste en onfatsoenlike geselskap te geniet, danssale te besoek, aan twyfelagtige vermaaklikhede deel te neem, terwyl hy alle bose suggesties van die duiwel wat hom wysmaak dat dit of dat nie sonde is nie, weer in homself opneem.

Waarlik, ons kan nie help dat die wilde voëls van bose en onrein gedagtes oor ons koppe vlieg nie, maar ons is skuldig as ons hulle toelaat om op ons koppe nes te maak en hulle bose dade daar uit te broei. As ons ons pinkie aan die duiwel gee, sal hy sekerlik ons hele hand gryp en ons gees en siel afsleep in die ewige verdoemenis. Daarom kom die plegtige waarskuwing van God tot ons dat ons moet **wegvlug** van die begeerlikhede van die vlees, en nie met die sonde begin speel nie, in watter vorm die versoeking ook al tot ons mag kom. Vlug na Jesus, die Verlosser en Oorwinnaar.

Copyright ANGP

Die man wat hier gesien word, besig om ’n dolk in die hart te steek, praat van die spotters en teenstanders van die godsdiens. Met hulle lasterende tonge en spottende lippe deursteek en wond hulle die harte van Christene – aanvalle waarteen ’n verdeelde hart nie bestand is nie. Hy begin mense meer vrees as God, en as gevolg van die vrees vir wat mense sal sê en doen, word hy die slaaf van mense en dwaal weg van God af. Toorn en ’n slegte humeur maak hulle verskyning in tye van moeilikheid en teleurstelling en dring die hart binne. Die bose slang van jaloesie wat sy kop uitsteek wanneer ander mense meer sukses en voorspoed in die lewe behaal, kruip ongemerk in as jy hom maar ’n halwe kans gee, en sal die weg ooplaat vir haat en hoogmoed.

Liefde vir geld kan so maklik in ons harte insluip as ons nie ag

slaan op die waarskuwings van die Here Jesus nie, waar Hy sê: “Waak en bid, dat julle nie in versoening kom nie” (Matt. 26 : 41). “Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie” (1 Kor. 10 : 12). Ons moet die hele wapenrusting van God aantrek, sodat ons kan staande bly teen die aanvalle van die Satan (Ef. 6 : 11-18).


## DIE SEWENDE VOORSTELLING

Hierdie prent stel voor die teruggevalle toestand van die mens, waar hy eers goed ingelig was en gesmaak het van die hemelse gawe en deelgenoot van die Heilige Gees geword het, en nou weggedraai het. Dit wys ook die toestand van ’n mens wat nooit berou gehad het en homself aan God oorgegee het nie, ten spyte daarvan dat die waarheid en die Evangelie al op verskillende maniere en langs verskillende weë aan hom gebring is. ’n Man wat sy hart verhard wanneer God by hom pleit, sal laer en laer sink ten spyte van sy poging om homself te verbeter.

Wat die teruggevallene betref, die Here Jesus het sy toestand self as gevolg beskrywe: ‘Wanneer die onreine gees uit die mens uitgegaan het, gaan hy deur dor plekke en soek rus; en as hy dit nie kry nie, sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en kry die uitgeveeg en versierd. Dan gaan hy en neem sewe ander geeste, slegter as hyself, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste” (Lukas 11 : 24-26). “Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om te rol in die modder” (2 Pet. 2 : 22).

Hierdie skrifgedeeltes wys duidelik wat die toestand is van ’n teruggevalle of onboetvaardige sondaarshart. Sonde het met al die bedrieglikheid daarvan teruggekeer om te bly en oor die hart te regeer. Selfs die gesig openbaar tot ’n mate die toestand van sy hart. Die Heilige Gees, daardie sagsinnige duif, word genoodsaak om die hart te verlaat, aangesien sonde en die Heilige Gees nie saam kan woon nie. Dit is

Copyright ANGP




**7. DIE TERUGGEVALLE OF VERHARDE HART**

onmoontlik vir die hart om ’n tempel van God te wees en tegelykertyd ’n lêplek van die Satan. Die engel, die Woord van God, moes bedroef weggaan en kyk nog om in die hoop dat die teruggevalle hart weer soos die verlore seun sal terugkeer en tot homself kom en sê: “Ek sal opstaan en na my vader gaan en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie” (Lukas 15 : 16-19). Die vader het sy seun wat berouvol tot hom teruggekeer het, vergewe en herstel.

Maar in die geval van hierdie prent is daar geen teken van ware berou, geen terugkeer tot God, geen soek na vergifnis aan die voete van Jesus nie. Sy gewete is toegeskroei soos met ’n warm yster en die swye opgelê. Hy het ore maar kan die pleitende stem van die Here Jesus nie hoor nie. Hy het oë maar kan die gapende afgrond van die hel hier voor hom nie sien nie. Hy voel ook nie eens meer skaam oor sy volharding in die sonde nie. Satan het gekom om in sy hart te regeer, en sit soos ’n koning op ’n troon. Dit is moontlik dat hy nog daarmee kan spog dat hy uiterlik aantreklik en ordentlik is en ’n godsdienstige voorkoms het, tog is hy ’n witgepleisterde graf, “van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid” (Matt. 23 : 27).

Copyright ANGP

Die vader van leuens bewoon die plek van die Gees van Waarheid. Elke dier, elke sonde word vergesel van ’n spesiale duiwel of onrein gees wat nou die hart ingeneem het. Hoewel hy homself graag wil vry maak van hierdie afskuwelike kwelgeeste, hou hulle hom gebonde. “As iemand die wet van Moses verwerp, dan sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie, hoeveel swaarder straf dink julle sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?” (Heb. 10 : 28-29; 2 Pet. 2 : 1-14).

As hierdie voorstelling ooreenstem met die toestand van jou hart, liewe leser, roep God dan sonder versuim aan uit die


diepte van jou hart. 'Hy kan volkome red die wat deur Hom tot God gaan,' en Hy is gewillig en magtig om alle sonde te vergewe as jy na Hom kom in 'n gees van ware berou. Hy kan die duiwel en al sy magte van duisternis bind en hulle uit jou hart werp, as jy net gewillig is om Hom toe te laat om dit te doen. Kom soos die melaatse wat na Jesus gekom en gesê het: "As U wil, kan U my reinig." Die Here Jesus het geantwoord: "Ek wil, word gereinig" (Markus 1 : 40, 41). Maar as jy voortgaan om jou hart te verhard, en as jy die duisternis liewer het as die lig, is daar geen hoop, geen hulp nie, want dan kies jy die dood in plaas van die lewe – "want die loon van die sonde is die dood" (Rom. 6 : 23).

## DIE AGSTE VOORSTELLING

Hier het ons die sondaar wat altyd uitstel, die teruggevallene wat sy dood nader; sy liggaam is vol pyn en sy siel is vol vrees vir die dood. Dood (die geraamte) het op 'n baie onverwagte en uiters ongewenste tyd gekom. Die bedrieglike genietinge van die sonde het verbygegaan, maar die vreeslike werklikheid, die verskriklike loon van die sonde moet nou onder die oë gesien word. Die smarte van die hel begin toesak oor die slagoffer. Hoewel hy daarna smag om te bid, vind hy dat die gemeenskap met God wat hy so lank verwaarloos het, nou onbereikbaar is. Sy vroeëre vriende is bang om by sy bed te staan, en buitendien kan hulle holklinkende trooswoorde hom nou ook nie help nie. Sy onregverdig bekomde winste kan sy lewe nie verleng nie, nog minder sy siel red, nog minder sy sieleangs verminder. Hy vind dit onmoontlik om sy aandag op God te vestig, want die duiwel gee hom geen kans om dit te doen nie.

Alles wat hy eens bemin en nagestreef het, lyk of hulle hom nou bespot, en selfs sy moontlik ongeredde geestelike voorganger kan hom nou nie help nie. Hy begin besef dat dit 'n vreeslike ding is om in die hande van die lewende God te val (Heb. 10 : 31). Hy het gehoop om op 'n meer geleë tyd sy saak met God te skik, of om op sy sterfbed nog 'n kans te kry, maar nou vind hy uit dat dit te laat is. Duisend

Copyright ANGP




**8. DIE SONDAAR SE VERDOEMENIS**


mense sterf skielik, sonder ’n kans om God op hulle sterfbed te soek. Dit is derhalwe noodsaaklik om God te soek terwyl Hy nog te vinde is. In plaas van woorde van troos en die genade van God op sy sterfbed te hoor moet hierdie sterwende sondaar wat die genade en liefde van God in sy lewe verontagsaam en verwerp het, nou die woorde van sy Regter en nie sy Heiland nie, hoor: “Gaan weg van My af julle vervloektes in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele” (Matt. 25 : 41). Dit is vir die mens bestem “om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel.” (Heb. 9 : 27).

## DIE NEGENDE VOORSTELLING

Hierdie prent is die voorstelling van ’n Christen wat volhard het te midde van vurige aanvalle en versoekings. Hoewel hy van alle kante verlei word, bly hy standvastig en volhard tot die einde toe, en is derhalwe “meer as oorwinnaar deur Christus Jesus.” Hy het nie alleen die Christelike wedloop begin nie, maar hou die pas vol, en loop met geduld, sonder om na links of regs af te wyk, “die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof” (Heb. 12 : 1,2).

Copyright ANGP

Satan met al sy magte omring die hart en probeer tevergeefs om die kind van God te verlei. Hoogmoed, liefde vir geld, die duiwel van onsedelikheid en baie ander word voorgestel. In die plek van die luiperd sien ons nou ’n esel, want sonde kom dikwels in ’n ander vorm, bedek onder ’n vreemde mantel en ’n vreemde naam. Maar die waaksame Christen ontdek sonde selfs wanneer dit onder die dekmantel van godsdiens verskyn, of as ’n engel van die lig, want die Woord van God en die Gees van die Waarheid lei hom in die hele waarheid. Behalwe die diere is daar ’n man wat staan en ronddans met ’n glas wyn in sy hand, in ’n poging om die Christen te lok na die plesiere van die wêreld. Dit het egter geen uitwerking op die toegewyde Christen nie, aangesien hy saam met Christus vir die wêreld gesterf het. ’n Tweede persoon in die prent is besig om die Christen met ’n dolk te steek. Kwaadsprekery, terugvallery, bespottings en bedreiginge deur middel van die vyande van God, en dikwels




**9. DIE OORWINNAAR SE HART**

deur sogenaamde gelowiges, deursteek gedurig die hart van die ware kind van God. Maar hy is dood vir wat mense sê, en is meer begaan oor wat God sê. Hy onthou die woorde van die Here Jesus: “Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om my ontwil. Verbly en verheug julle, omdat julle loon groot is in die hemele” (Matt. 5 : 11,12).

Sonde, die vlees (die ou self) en die duiwel, doen gedurig hulle uiterste om skeiding te maak tussen die Christen en die liefde van God. Maar met groot blydskap en vaste vertroue kan hy met sekerheid sê: “Wie sal ons skei van die liefde van Christus? Verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?” (Rom. 8 : 35). Nee, “in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het” (Rom. 8 : 37). Met die hele wapenrusting van God aan is hy in staat om staande te bly in die bose dag en om alle versoekings te oorkom deur Jesus Christus wat alle versoekings en beproewinge oorkom het sodat ons ook deur Hom kon oorwin en die kroon van die heerlikheid ontvang.

**Die Ster** van sy gewete skitter helder en blink. Sy hart is vol geloof en gevul met die Heilige Gees. Die engel van God bokant hom, die Woord van God, herinner hom aan die kosbare beloftes wat gegee word aan hulle wat oorwin en volhard tot die einde toe. “Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is.” “Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.” “Aan hom wat oorwin sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee ’n wit keursteen en op die steen ’n nuwe naam geskrywe ...” “En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee.” “Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor sy engele.” “Wie oorwin, Ek sal hom ’n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie.” “Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om

Copyright AMGP

saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met My Vader op sy troon gaan sit het" (Open. 2: 7, 11, 17, 26; 3 : 5, 12, 21).

**Die oop geldsak** wys dat nie alleen sy hart nie, maar ook sy geld toegewy is aan God. In plaas van sy aardse goedere te verspil, help hy die armes en gee hy 'n tiende van sy inkomste en ander bydraes of selfs alles wat hy besit, dat dit tot eer van God gebruik kan word.

**Die brood en die vis** dui daarop dat hy 'n rein en matige lewe voer. Hy besoedel homself nie met bedwelmende dranke of deur bloed te eet of iets wat verwurg is, of enige ander onrein kos nie. Hy verspil nie sy geld, en hy besoedel nie sy liggaam (die tempel van God) deur die gebruik van tabak in enige vorm nie, nog minder gebruik hy verdowingsmiddels of ander skadelike medisynes, maar eet gesonde, voedsame kos. Sy eie hart het 'n huis van gebed geword maar hy besoek ook die kerk van God gereeld en eerbiedig in alle soorte weer en onder alle omstandighede. Hy hou van gebed, of dit in die kerk, of in sy familiekring, of in sy eie binnekamer is, want hy weet dat 'n Christen nie kan bestaan sonder gemeenskap met God in die gebed nie.

Copyright ANGP

**Die ope boek** beteken dat die Bybel 'n ope boek vir hom is en dat hy dit daagliks lees en bestudeer om daar wysheid en krag, lewe en lig, ja ongekende rykdomme uit te put. Dit het vir hom 'n lamp voor sy voet geword en 'n swaard waarmee hy sy vyande oorwin. Dit is die daaglikse geestelike brood vir sy siel, water om sy dors te les, 'n bad waarin hy homself reinig, 'n spieël waarin hy homself sien.

Hy dra sy kruis met blymoedigheid, want hy weet daar sal geen kroon sonder 'n kruis wees nie. Vandat hy weet dat hy saam met Christus opgewek is en in 'n nuwe lewe wandel, soek hy die dinge wat bo is, die ewige dinge, die onsigbare dinge. Hy is bereid om sy God te ontmoet en is soos 'n boom wat by waters geplant is, wat vrugte voortbring op sy tyd; soos 'n loot van die ware wynstok wat baie

vrugte voortbring. Vrees vir die dood ken hy nie, vandat die volmaakte liefde van God deur die volheid van die Heilige Gees in sy hart uitgestort is.


## DIE TIENDE VOORSTELLING

Die Here Jesus het gesê: “Ek is die opstanding en die lewe; wie in my glo, sal lewe al het hy ook gesterwe. En elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie” (Joh. 11 : 25, 26). “.... Wie My Woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe” (Joh. 5 : 24). Die dood hou geen vrees of pyniging vir die Christen in nie. “Die dood is verslind in die oorwinning. Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? .... Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus” (1 Kor. 15 : 54 - 57).

’n Persoon wat saam met God gelewe en gewandel het, is nie bang vir die dood nie. Wanneer die tyd aanbreek dat hy moet gaan, gaan hy blymoediglik, soos die apostel Paulus dit stel: “Ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want **dit is verreweg die beste”** (Fil. 1 : 23).

Copyright ANGP

’n Christen verlang om die gesig van die Here Jesus te sien, sy Verlosser wat deur Sy dood aan die kruis vir hom verlossing verkry het. Die Heilige Gees herinner hom ook aan die woorde van Jesus: “Laat julle hart nie ontsteld wees nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings .... Ek kom weer, en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.” (Joh. 14 : 1 - 4). “Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van die mens nie opgekom het nie, het God berei vir die wat Hom liefhet” (1 Kor. 2 : 9). Daar is geen geskikte taal op aarde deur middel waarvan ’n mens ’n beskrywing kan gee van die heerlikheid van die hemelse woning wat voorberei is vir hulle wat hier op aarde in die voetspore van ons Here Jesus gewandel het nie.




**10. DIE GLORIERYKE HEENGAAN**

In plaas van die vreeslike geraamte (dood) sien ons die engel of boodskapper van God in hierdie laaste voorstelling. Laasgenoemde staan gereed om die geregverdigde gees terug te dra na God. Siel en gees word losgelaat uit die bande van die sterflike liggaam, en sweef op na Hom vir Wie sy siel bemin het en vir Wie hy geleef en gesterf het op aarde. ’n Blye verwelkoming wag hom in die teenwoordigheid van God, waar hy die goedkeurende woorde van die Here Jesus hoor: “Mooi so, goeie en getroue slaaf, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer” (Matt. 25 : 21). Satan het geen mag meer oor hom nie, want “kosbaar is in die oë van die Here die dood van sy gunsgenote” (Ps. 116 : 15). “En ek het ’n stem uit die hemel vir my hoor sê: Skryf – salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werk volg met hulle” (Openb. 14 : 13).

Liewe leser van hierdie “Spieël van die Hart”, mag God jou help om jou hart aan Hom te gee wat jou liefhet, want Hy pleit nou by jou en sê: “My seun (my dogter), gee my jou hart, en laat jou oë ’n welgevalle hê in my weë” (Spreuke 23 : 26). Gee jou vermoeide en teleurgestelde hart aan Jesus, en Hy sal jou ’n nuwe hart en ’n nuwe gees in jou binneste gee. Moenie bedrieg word deur jou eie bedrieglike hart om die begeertes daarvan te volg nie, want “wie op sy eie hart vertrou, hy is ’n dwaas; maar hy wat in wysheid handel, word gered” (Spreuke 28 : 26). Laat jou sonde staan en kleef die geregtigheid aan, “want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus onse Here” (Rom. 6 : 23).

Copyright ANGP

En wanneer jy jou lewe aan Hom toevertrou het, hou vas aan die gesonde woorde wat in Christus Jesus is, in geloof en in liefde, om dieselfde rede as wat Paulus in 2 Tim. 1 : 12 gegee het: “Want ek weet in wie ek geglo het, en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot die dag toe.” Bou jouself op in die allerheiligste geloof, bid in die Heilige Gees, bewaar jouself in die liefde van God, met jou

oë gevestig op Jesus, die Weg, die Waarheid en die Lewe – onse Heer wat spoedig weer kom om Sy kinders te kom haal, "die Here van die here en Koning van die konings."

"Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig, aan die alleen wyse God, ons Verlosser kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid! Amen" (Judas 24 , 25).

"Daar's 'n huis vir ewig heerlik en so blink,
Waar soet hemelse vreugde altyd weergalm en klink;
Wit en blinkende eng'le sing daar rondom die troon,
O, wanneer sal ek daardie heerlike huis gaan bewoon?

Koor:

O, heerlike huis,
O, lieflike huis,
Woonplek van my Heiland.
O, heerlike huis.

Spoedig sing ek ook daar saam in die hemelse fees.
Jesus is my Verlosser, Dood, waarom sal ek jou vrees?
Spoedig sien ek my Heiland op die grote wit troon
Dan, o dan sal ek daardie heerlike huis gaan bewoon."

**Evangelie-liedere**

Copyright ANGP

Elkeen wat die sonde doen, doen ook die ongeregtigheid, want die sonde is ongeregtigheid.

En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie.

Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig het Hom nie gesien nie en Hom nie geken nie.

My kinders, laat niemand julle mislei nie; wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is.

Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.

Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.

Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie.

1 Joh. 3 : 4 - 10

Copyright ANGP

## A SPECIAL WORD FROM ANGP
## UN MONDE SPÉCIAL DE L'ANGP
## UMA PALAVRA ESPECIAL DA ANGP

This booklet "The Heart of Man" is available in over 538 languages and dialects spoken throughout the world (Africa, Asia, The Far East, South America, Europe, etc.) Our Heart Book is now also available on cell phones, tablets, etc from www.angp-hb.co.za or as an APP "Heart of Man" on Android phones.

Le livre du "Coeur de l'homme" peut etre obtenu en plus de 538 langues et dialectes parles dans le monde entier, a savoir: Afrique, Amerique, Asie, Extreme Orient, Europe. Notre Livre du Coeur est maintenant aussi disponible sur votre Telephone cellular, plaques, etc. de www.angp-hb.co.za ou comme une Application "Heart of Man" sur telephones Android.

Este livro "O Coracao do Homem" e obtído em mais de 538 linguas e dialectos falados em todo o mundo, a saber: (Africa, Asia, America do Sul, Extremo Oriente, Europa, etc). O nosso Livro O Coração do Homem tambem esta agora disponivel em telefone celular, tablets, etc. de www.angp-hb.co.za ou como um aplicativo "Heart of Man" nos telephones celulares Android.

Copyright ANGP

The 10 heart pictures contained in this booklet are also available in the form of large coloured picture charts (86 x 61cm) bound together in a set of 10 pictures. These "Heart Charts" can be obtained with European or African features and are particularly suitable to be used in conjunction with the Heart Book for class-teaching, open air evangelization etc. Kindly contact us to ascertain the latest subsidized price of this chart.

Les 10 images du coeur qui figurent dans ce livre peuvent etre obtenues en tableaux de couleur, format 86 x 61 cm, avec des physionomies europeennes ou africaines. Ils peuvent etre utilises en meme temps que le livre du coeur pour des classes bibliques, a

l'ecole du dimanche ou lors de reunions de plein air. Soyez aimable de nous contacter pour assurer les derniers prix en cours du tableau.

As 10 imagens do coracao, contidas neste livro podem ser obtidas num conjunto de 10 imagens em colorido no tamanho de (86 x 61 cm). Estes "Cartazes do Coracao podem ser obtfdos com caracterfsticas Europeias e Africanas e podem ser usados em conjuncao com o mesmo livro em classes de ensino biblico, evangelizacao ou ao ar livre. Agradeciamos que nos contacta- se para confirmacao do ultimo preco dos cartazes.



Kindly write to us if you are able to assist us with further translations of our free Gospel literature, informing us of the language into which you could translate this Gospel literature. Your assistance would be appreciated.

Copyright ANGP

If you have found salvation in Christ, or have been otherwise blessed through our Gospel literature, please let us know. We would like to thank God with you, and remember you further in our prayers.

Nous vous invitons a nous contacter pour faire des arrangements concernant de nouvelles traductions de notre litterature, nous informant de la langue dans laquelle vous pouvez traduire cette litterature evangelique. Votre aide sera beaucoup appreciee.

Si vous avez trouve le salut en Christ ou si vous avez ete beni par notre litterature, nous vous prions de nous le faire savoir. Nous aimerions remercier Dieu avec vous et prier pour vous.

Nos vos convidamos a nos contactar, afim de fazer qualquer arranjo concernente a novas traducoes de nossa literatura em outras Ifnguas. Vossa assistencia sera muito apreciavel.

Se tem encontrado a salvacao em Cristo, ou se tem sido abencoado por intermedio da nossa literatura evangelica, faca o favor de nos

informar. Pois nos gostarfamos de agradecer a Deus juntamente convosco, e lembra-lo sempre em nossas oracoes.

For free Gospel literature, books and tracts in over 538 languages, write to:

Pour obtenir gratuitement de la litterature evangelique, des livres et des traites en plus de 538 langues, ecrivez a:

Para obter gratuftamente a literatura evangelica, livros e folhetos em mais de 538 Ifnguas diferentes escreva para:

E-MAIL: info@angp-hb.co.za
info@angp.co.za

**ALL NATIONS GOSPEL PUBLISHERS**
**P.O. Box 2191**
**PRETORIA**
**0001**
**R.S.A.**

Copyright ANGP

A Gospel Literature Mission financed by donations
Une Mission de litterature evangelique financee de dons
Missao de literatura Evanqelica financiada por donativos

(Reg. No. 1961/001798/08)